# DIE AKRONIEM

**ARISTOKRASIE**, die geloof aan ewige geestelike goedere, die stel van die swaarste taak aan homself, dít het aan die Afrikaner die heldedom van die Bittereinders besorg

**FRANSE HUGENOTE, NEDERLANDERS, DUITSERS** het in Afrika kom verafrikaans en as nuwe volk die Groot Trek aangedurf met AFRIKAANS as bindmiddel en hulle skild 'n calvinistiese geloof in God

**RAS-EG**, groepmoraal-heg, pak ons hierdie stryd aan; sy dit dan só, met Bittereinder krygdaad. Wees bedag daarop: die Boer se AFRIKAANS, ontafrikaner, word die trojaanse perd waarmee die volkslaer ingeval word

**INNERLIK GESUIWER** deur die smeltkroes van die stryd gaan ons die veldslag in. Die branding het die kern nog harder gebrand; in die pyn is die bande van liefde nog sterker gesmee

**KRAGDADIG** deur geloof in God, in ons saak, sal ons weer vry wees; die wete dat ons via AFRIKAANS ons stryd om oorlewing aan 40 miljoen Dietse stamgenote kan stel, sterk ons gees nog meer vir die stryd

**AANWAS** van getalle is allesoorheersend vir voortbestaan. Onderríg in die MOEDERTAAL, word die kind weer taalgewete vir die volk; sal taaltrots weer meewerk tot 'n volk jonk en fier, en voed kinders só weer die Moedertaal

**ATHENE** het met kuns, letterkunde en wetenskap die roem van Griekeland gevestig; Afrikanerkultuur en kundigheid monster ons, gedug gesmee, tot stryd teen bose magte wat ons ondergang beplan

**NASIONALISME** word deur taal in stand gehou; die geklank van Moedertaal druppel-voed ons Boere bloed, klankbeeld die ruimte van ons Vaderland. Praat dan Afrikaans, oral te alle tye, altyd suiwer, en bou die volksmoraal

**STRYD** verg nou 'n ander idioom; stryd aan die taalfront ontsenu die heersers en hul meelopers. Bykomende vorme van lydelike verset sal ook hierdie regime soos dié van ander kommunistiese state laat uitrafel en kapituleer

Hiermee word Die Akroniem Afrikaans deur die
Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans,
vir sy volgehoue bydrae tot die Afrikaanse Literatuurskat met sy prosawerke, poësiebundels en radiodramas wat uit sy pen verskyn het, asook die belangrike rol wat hy in die Afrikaanse boerderygemeenskap gespeel het met die bekwame wyse waarop hy Landbouradio oor die lug laat kom het,
toegeken aan

**Dolf van Niekerk**
('n man wat boer met woorde)

HANDHAAF AFRIKAANS
sedert 1994

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Hoofbestuurslid |
| 22 Februarie 2019 | Pretoria |
| Datum | Plek |